GOLDEN VALLEY CASINO WIJNLANDER

Physical Address:
Kolie Nelson Avenue, Worcester
Tel: +27 23 342 7482 Fax: +27 23 347 5832

Postal Address:
PO Box 162, Worcester 6849

Web site: www.worcestergolfclub.co.za
E-mail: martin@worcestergolfclub.co.za

Golden Valley Casino Wijnlander - Reëls vir 2010

Reëls vir ALLE deelnemers:

1. Die kompetisie word gespeel onder die reëls van die R&A van Skotland.
2. Deelnemers moet 'n lid van 'n amptelike gholfklub wees en oor 'n amptelike voorgee beskik. **Geen "virtuele klub"-lede mag deelneem nie.**
3. Die algehele Wijnlander-kampioen sal oor drie dae beslis word, nl. Donderdag, Vrydag en Saterdag. Deelnemers moet aan die drie dae deelneem om in aanmerking te kom vir die algehele prys.
4. Deelnemers mag nie meer as twee spelers per vierbal nomineer nie. Die ander twee spelers per vierbal sal geloot word.
5. Die komitee behou die reg voor om enige speler se voorgee tydens die toernooi aan te pas.
6. Indien twee of meer spelers op 'n dag gelykop eindig, sal die klub se normale uittelprosedure gevolg word om die wenner te bepaal.
7. Indien twee of meer spelers vir die algehele prys gelykop eindig, sal daar 'n uitspeelstryd, volgens die klub se Uitklop-kompetisiereëls gehou word om die wenner te bepaal.
8. Voorgeë word slegs volgens Individuele tellings aangepas en nie op die Vierbal-samespel-dag nie.
9. **Tellings wat gedurende die week gespeel word sal slegs aan die einde van die toernooi op die rekenaar ingevoer word om verwarring te vermy.**
10. Aan die einde van die week sal daar 'n Wijnlander-kampioen en 'n Junior Wijnlander-kampioen gekroon word. Daar sal ook 'n prys wees vir die Wijnlander-spankampioene. Vir al drie bogenoemde afdelings is daar 'n wisseltrofee.
11. 'n Deelnemer moet by die prysuitdeling wees om vir sy pryse te kwalifiseer. Indien 'n deelnemer nie tydens die prysuitdeling sy prys ontvang nie a.g.v. afwesigheid, sal die prys aan die persoon in die volgende posisie oorhandig word. Naaste-aan-die-pen- en Langste-dryf-pryse wat nie opgeëis word nie sal aan die klub oorgedra word.

Afdelings:

Ope-afdeling:

1. Mans of dames wat nie meer skoolgaande is nie.

Junior afdeling:

1. Enige skoolgaande seuns of meisies.
2. Juniors neem slegs deel aan Donderdag, Vrydag en Saterdag se kompetisies.
3. Pryse vanaf eerste tot derde posisie op elk van die kompetisiedae.

Spankompetisie:

1. ‘n Span bestaan uit **vier** deelnemers in die Ope-afdeling.
2. ‘n Span moet voor die aanvang van die toernooi saamgestel en op ‘n amptelike registrasievorm gerigistreer word.
3. Donderdag, Vrydag en Saterdag se kompetisietellings sal gebruik word.
4. Die drie beste tellings van die 4 spanlede vir elke dag sal vir die Spankompetisie tel en die swakste telling sal elke keer buite rekening gelaat word.
5. Die vier spelers van ‘n span mag nie op die Individuele dae in dieselfde vierbal speel nie.
6. In die geval van ‘n gelykopuitslag vir die algehele prys sal die uittelprosedure as volg werk totdat ‘n wenner bepaal is:
   a. Al vier spelers se tellings oor al drie dae tel.
   b. Saterdag se vier tellings word bymekaar getel.
   c. Vrydag se tellings word bymekaar getel.
   d. Donderdag se vier tellings word bymekaar getel.
      i. Die hoogste totaal in al die bg. gevalle sal die wenners bepaal.
   b. ‘n Muntstuk word gegooi om die wenner te bepaal.
7. Daar sal, na afloop van die toernooi, ‘n kampioenspan wees. Die prys behels die volgende:
   a. ‘n Naweek vir vier by die Wild Coast Sun. (Bed en ontbyt ingesluit).
   b. Retoer-vlugkaartjies vanaf Kaapstad na Durban.
   c. Vervoer vir die naweek.
   d. Twee rondtes gholf.

Formaat en Inskrywingsfooie:

Formaat van die week:

DAG	DATUM	FORMAAT
WOENSDAG	29 SEPTEMBER	4 BAL SAMESPEL
DONDERDAG	30 SEPTEMBER	IND. STABLEFORD
VRYDAG	1 OKTOBER	GEKOMBINEERDE STABLEFORD
SATERDAG	2 OKTOBER	IND. STABLEFORD

Inskrywingsfooi:

Baanfooie: Ope afdeling R 165.00 p.p. per dag
Jnr. Afdeling R 90.00 p.p. per dag (Sluit geen etes in nie).
Spanfooi: R 200.00 p.p. (**verpligtend vir al 4 span lede)**